*Historia*, 50, 2, November 2005, pp 63-83.

# 'n Psigo-biografiese Studie van Generaal J.H. de la Rey en sy Ervaring van die Anglo-Boereoorlog

***Andrew J. McLeod****

He is a man, every inch of him; and one of whom any country in the world might justly feel proud.

Lord Alfred Milner[1]

## Inleiding

Gepubliseerde werke van biografiese aard oor assistent kommandant-generaal Jacobus Hercules (Koos) de la Rey konsentreer hoofsaaklik op die militêre gebeure tydens die Anglo-Boereoorlog waarin hy 'n rol gehad het. Daar word wel in die verbygaan melding gemaak van sommige van De la Rey se persoonlikheids- en fisiese kenmerke, soos sy vasberadenheid om 'n saak end-uit deur te voer of sy oortuiging dat oorlogvoering aktief en offensief moet plaasvind en nie deur passiewe uitputtingsveldtogte gewen kan word nie. Hierdie en ander kenmerke het daartoe bygedra dat hy bekend geword het as "Die Leeu van die Wes-Transvaal".[2] Daar is egter nog nie spesifiek na die sielkundige dryfkragte agter De la Rey se optrede tydens die Anglo-Boereoorlog gekyk nie. Hierdie aspek, tesame met sy militêre aanleg – twee sake wat eintlik onlosmaaklik van mekaar is – sal in hierdie artikel onder die loep geneem word.

---

* Andrew McLeod het in 2004 die graad DPhil met die tesis *The Psychological Impact of Guerrilla Warfare on the Boer Forces during the Anglo-Boer War* aan die Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria, behaal. Hy is steeds verbonde aan hierdie Departement en doen tans verdere ondersoek na die sielkundige ervaring van Boere tydens die Anglo-Boereoorlog. Hy is ook 'n student van die Amerikaanse Burgeroorlog (1861-1865).

1. J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West* (Keartland, Johannesburg,1966), p 24.
2. Sien J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*; F. Pretorius, "Die Leeu van Wes-Transvaal" *in* L. Scholtz (red.), *Beroemde Suid-Afrikaanse Krygsmanne* (Rubicon, Kaapstad, 1984); W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I (Tafelberg, Kaapstad, 1972); J.J. van Heerden, "Genls. De la Rey en Kemp en die Stryd in Wes-Transvaal" *in* J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Nasionale Pers, Kaapstad, 1949); P. Bateman, *Generals of the Anglo-Boer War* (Purnell, Cape Town, 1977); G. van den Bergh, *24 Battles and Battlefields of the North West Province* (N.W. Toeriste Vereniging, Potchefstroom, 1996).

Die ontstaan van stres, die beheer daarvan of weerstand daarteen en die faktore wat bydra tot 'n persoon se vermoë om stres te oorkom, sal as die vertrekpunt dien. Aaron Antonovsky van die Ben Gurion Universiteit in Tel Aviv, Israel, verklaar dat stres veroorsaak word deur veranderde sosiale- of omgewingsomstandighede. Hierdie veranderings word normaalweg deur die individu getakseer as synde óf onskadelik – waarop daar geen verdere aksie benodig word nie – óf as 'n bedreiging, 'n uitdaging of skadelik van aard. Sulke veranderde omstandighede word as stressors beskou. Dit is die oorsake wat stres meebring en wat sekere aksies benodig om die bedreiging of gevaar te oorkom. Hans Selye, 'n endokrinoloog van Montréal, het reeds in die 1950's verklaar dat stres eintlik 'n fisiologiese toestand is wat deur stressors veroorsaak word en tot verhoogde afskeiding van sekere hormone deur die lewende organisme – ook die mens – aanleiding gee. Hierdie hormone is hoofsaaklik van die adrenaline- en kortisone-groepe. Hulle dien om die liggaam op 'n gereedheidsgrondslag te bring om die stres te kan hanteer. Fisies lei die verhoogde hormonale teenwoordigheid in die gestel tot 'n versnelde hartklop en asemhaling, verhoogde bloeddruk, asook 'n toename in spiertensie. Die bedreiging, hetsy dit fisies of geestelik van aard is, lei dus na die bekende *veg of vlug* toestand by die individu.[3]

Selye het verder in sy sogenaamde GAS-teorie[4] verklaar dat wanneer die mens deur 'n stressor gekonfronteer word, daar drie fases geïdentifiseer kan word waardeur so 'n persoon mag beweeg. Eerstens sal die bedreiging 'n alarm reaksie fase (in Engels *alarm reaction phase* of *AR*) teweegbring, waartydens die fisiese veranderings in hartklop, bloeddruk en algemene gereedheid wat hierbo genoem is, sal voorkom. Indien die bedreiging nie gou verdwyn nie, sal hierdie fase oorgaan in die weerstand- of aanpassingfase (*stage of resistance* of *SR*). Tydens die SR sal die individu deurgaans in 'n gereedheidsmodus verkeer, totdat die stressor nie meer teenwoordig is nie, of totdat aksie benodig word. As die bedreiging of die gevaar sou voortduur, sal die SR ook voortduur, dit wil sê daar sal 'n voortgesette verhoogde behoefte wees aan dié hormone wat die ligaam fisies en psigies paraat hou. So 'n situasie van volgehoue hoër eise kan nie onbepaald deur die gestel hanteer word nie, en 'n stadium waar die nodige hulpmiddele nie langer voorsien kan word nie, sal bereik word. Die derde fase, dié van uitputting (*stage of exhaustion* of *SE*) sal dan ontstaan. Wanneer hierdie stadium aanbreek, kan die fisiese uitputting tot fisiese siektetoestande aanleiding gee, byvoorbeeld

3. H. Selye, *The Stress of Life* (Editor unknown, New York, 1956), p 87.
4. Die *General Adaption Syndrom theory* of *GAS-theory* soos dit in H. Selye, *The Stress of Life*, pp 53-55, beskryf word, sal in hierdie artikel kortweg die GAS-teorie genoem word.

hartkwale, asma, spysverteringsprobleme en ander kwale, wat algemeen bekend staan as psigosomatiese of psigofisiologiese siektes. Afgesien van hierdie fisiese reaksie van SE, mag daar ook allerlei negatiewe psigiese kondisies na vore tree, soos byvoorbeeld depressie, moedeloosheid, oormatige bekommernis, slaaploosheid en frustrasie.

Voordat daar gekyk word na die spesifieke stressors en stres wat De la Rey tydens die Anglo-Boeroorlog beleef het, moet sekere psigologiese begrippe wat hiermee verband hou, bespreek word. Die belangrikstes hiervan is die mens se weerstandsbronne teen stres (*general resistance resources* of *GRRs*)[5] en stresbeheer of -bemeestering (*coping*).[6] Enige individu beskik in 'n meerdere of mindere mate oor GRRs, wat hom of haar in staat stel om te *cope*. Aan die anderkant mag daar te min GRRs teenwoordig wees, en so 'n persoon kan dan nie *cope* nie. Die GRRs kan materieel van aard wees, onder meer geld, kos, klere of behuising. Dit kan ook van 'n ekstern-psigiese soort wees, soos die ondersteuning deur familie en ander persone. Derdens kan dit nie-materiële fasette insluit wat intern-psigies is, soos selfbeeld en selfversekering, gehardheid, kennis en begrip, geloof en ook die persoonlike geaardheid of ingesteldheid van die individu. Die uitgebreidheid of verskeidenheid van GRRs waaroor 'n persoon beskik, sal vanselfsprekend van een mens na die volgende verskil en gevolglik sal mense se vermoë om te *cope* ook verskil.

Hierdie onderwerp is verder deur D.J.W. Strümpfer van die Randse Afrikaanse Universiteit ontwikkel in sy twee artikels oor *salutogenesis* (die oorsprong van gesondheid) en *fortigenesis* (die oorsprong van sterkte).[7] Hy redeneer dat in gevalle waar daar voldoende GRRs teenwoordig is, stres nie noodwendig negatiewe gevolge – soos dit deur Selye se GAS-teorie voorgehou word – sal hê nie, maar dat dit ook kan lei tot verbeterde gesondheid en selfs tot verhoogde geestelike sterkte. Volgens Strümpfer bestaan die GRRs uit verskeie elemente of boustene, waaronder kragdadigheid (*potency*) – wat 'n persoon se voortdurende vertroue in sy eie vermoë, asook sy verbintenis tot sy sosiale omgewing, weerspieël. S. Kobasa se teorie oor gehardheid (*hardiness*) – die individu

---

5. Ter wille van bondigheid sal die afkorting GRR, of meervoud GRRs, in die artikel gebruik word.
6. Weens die bondigheid en wye begrip van die woorde sal *cope* en *coping* in die artikel gebruik word.
7. D.J.W. Strümpfer, "Salutogenesis a new paradigm", *South African Journal of Psychology*, 20, 4, 1990, pp 265-274; D.J.W. Strümpfer, "The origins of health and strength: from 'salutogenesis' to 'fortigenesis'", *South African Journal of Psychology*, 25, 2,1995, pp 81-87.

se oortuiging ten opsigte van die regverdigbaarheid van die saak, sy vermoë om die verloop van sake te beheer en die uitdaging wat veranderende omstandighede aan die individu bied – word ook hierby ingesluit. Vervolgens noem Strümpfer die element van stamina – die fisiese en morele krag om weerstand te bied teen siekte, uitputting en ontberings. 'n Vierde bousteen van GRRs is aangeleerde vindingrykheid (*learned resourcefulness*). Antonovsky kombineer hierdie teorieë, of konstrukte, in een grondstelling wat hy die sin van samehang (*sense of coherence* of *SOC*) noem.[8] Strümpfer verduidelik in sy artikel oor *salutogenesis* dat 'n SOC eerder 'n persoon se ingesteldheid as 'n inherente eienskap is. Dit ontwikkel namate 'n persoon sekere ondervindings wat hy herhaaldelik ervaar, evalueer en dit vir homself orden. Om 'n SOC te hê, kom drie kenmerke ter sprake. Eerstens moet die individu die situasie waarin hy homself bevind, begryp (*comprehend*) en die gebeure in geordende, verstaanbare patrone kan plaas. Tweedens moet die individu 'n gevoel van beheer (*manageability*) oor die situasie ondervind. Laastens moet die situasie waarin hy hom bevind vir hom sin maak of betekenisvol (*meaningful*) wees. 'n Persoon met 'n sterk SOC sal vanselfsprekend oor 'n wye reeks GRRs beskik wat as boustene aangewend kan word om met 'n stresvolle situasie te kan *cope*.[9] Die teenoorgestelde hiervan is natuurlik ook waar en dit verklaar moontlik waarom daar so baie mense is – en dit sluit burgers tydens die Anglo-Boereoorlog in – wat so geredelik die handdoek ingooi. Dit moet egter aanvaar word dat alle Bittereinders tydens die Anglo-Boereoorlog nie noodwendige persone met 'n sterk SOC was nie. Die bronne dui daarop dat daar ongetwyfeld ook 'n element van fanatisme teenwoordig was.

Met hierdie beknopte verduideling van die psigologiese faktore wat ter sprake kan kom, kan daar nou na De la Rey se optrede tydens die Anglo-Boereoorlog gekyk word. Dit sal onder drie hoofde hanteer word, naamlik sy lewe as gewone en veral gesinsmens; sy lewe as militêre leier, in besonder sy bekwaamheid as strateeg; en derdens sy vermoë as leier en sy insig in die omstandighede waarin hy en sy landgenote hulle bevind het.

---

8. Omdat SOC die algemeen gebruikte afkorting is en ter wille van bondigheid sal dit in hierdie artikel vir die begrip *sin van samehang* gebruik word.
9. Strümpfer, "Salutogenesis a new paradigm", pp 265-274.

## De la Rey – die man en gesinsmens

Van die kinderdae van Koos de la Rey, gebore op 22 Oktober 1847, is daar nie veel bekend nie, behalwe dat hy saam met vyf broers en vyf susters op sy vader, Adriaan Geysbertus de la Rey (Lang Adriaan), se plaas Welverdiend in die huidige distrik Wolmaransstad grootgeword het. Van daardie jare skryf Fransjohan Pretorius: "As kind van die veld groei De la Rey op met weinig formele onderwys, maar sy veldskool, sy ouers se hand en sy hoë intelligensie sorg vir 'n goeie vorming."[10] Volgens meeste bronne het die jong Koos saam met sy ouers na die delwerye by Kimberley verhuis, waar hy spoedig met 'n skotskar brandhout aan die delwers begin voorsien het. Dit was 'n lonende onderneming en kort daarna kon hy sy net wyer uitsprei. Hy het met 'n eie wa en span osse begin om handels- en jagtogte te onderneem. Hier vind 'n mens reeds aanduidings van kenmerke wat in sy latere lewe na vore sou kom. Nie alleen was hy 'n intelligente jongman nie, maar een met ondernemingsgees. Dít het bygedra tot die uitbou van 'n grondige kennis van die omgewing en mense van daardie streek. Die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* beaam dat hy "... besonder skrander en bekwaam was ... dat hy onder meer as regeringsopmeter van plase en as naturellekommissaris ... mettertyd 'n intieme kennis ... van die Wes-Transvaalse veld en bewoners [opgedoen het] ...".[11]

Die feit dat hy op 31-jarige ouderdom as verkose veldkornet van die burgers van Makwassie teen Sekhukhune gedien het en in 1880-1881 as die kommandant van die Lichtenburg kommando aan die beleg by Potchefstroom deelgeneem het, dui daarop dat sy vermoë as leier deur sy medeburgers raakgesien is. In 1893, op die ouderdom van 46, word hy tot lid van die Eerste Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) verkies.[12] De la Rey se inherente leierseienskappe was vir hom 'n GRR waarop hy later wel deeglik sou steun.

Volgens Meintjes het hy selfs gaandeweg 'n gunstige indruk op sy vyande gemaak. Die nimlike lord Milner sou teenoor sir Percy Fitzpatrick erken het: "He is a remarkable fine fellow, he is a man every inch of him; and one of whom any country … might justly feel proud."[13] Daardie "every inch" was 'n volle ses voet een duim (1,85 meter). Hy was skraal

---

10. Pretorius, "Die Leeu van Wes-Transvaal", p 117. Sien ook De Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, p 223.
11. De Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, p 223.
12. Meintjes, *De la Rey*, p 39; Pretorius, "Die Leeu van Wes-Transvaal", p 117; De Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, p 223.
13. Meintjes, *De la Rey*, p 24.

gebou met 'n vol baard in die Boeretradisie, 'n opvallende arendsneus, 'n hoë voorkop en diep, deurdringende, maar nogtans kalm bruin oë onder ruie wenkbroue. Hierdie besondere voorkoms kon volgens Philip Bateman, moontlik die gevolg van Spaanse- of Hugenootvoorgeslagte gewees het.[14]

Hy was nie 'n man van baie woorde nie. 'n Engelse joernalis het geskryf dat De la Rey selfs in die Volksraad geen politieke agitator was nie en selde gepraat het: "… he was known as a silent man. He rarely spoke unless it was to speak the thing that he thought …".[15] Hierdie eienskap sou hom in konfrontasie met beide president Paul Kruger en generaal Piet Cronjé bring. Wanneer hy wel sover gekom het "to speak the thing that he thought", het hy reguit, op die man af en sonder om doekies om te draai, sy sê gesê. Uit die oogpunt van die sielkunde kan hierdie as kenmerke van kragdadigheid en gehardheid – albei eienskappe waar die vaste oortuiging in die regverdigheid van die saak ter sprake kom – beskou word.[16]

Die volgende faset van sy lewe waarna daar verwys moet word, is sy huwelik met Jacoba (Nonnie) Greeff, die dogter van 'n vooraanstaande boer en stigter van die dorp Lichtenburg. Aanvanklik was daar probleme, want Nonnie se moeder was nie geneë dat haar agtienjarige dogter haar met hierdie man, nege jaar ouer as sy, in die huwelik moes begeef nie. Oor die rede vir die teenkanting spekuleer Meintjes bloot dat die moeder dalk geglo het dat hulle mekaar nog nie goed genoeg geken het nie. Kenmerkend van Koos De la Rey het hy nie sonder meer tou opgegooi nie. Hy het met 'n derde poging haar formeel, per brief, om haar hand gevra. Nonnie Greeff was ook oortuig van haar liefde vir die lang, stil man en sy het die brief aan haar moeder gaan wys, wat daarop haar toestemming tot die huwelik verleen het. Oor hierdie huwelik, wat oor agt-en-dertig gebeurtenisvolle jare gestrek het, skryf Johannes Meintjes in sy biografie oor De la Rey:

> In fact, this was a man and a woman who co-operated to the fullest extent, who gave each other the most genuine and unselfish trust and confidence. They were of constant help to each other ... he attending to his job, she to hers. Where he devoted himself ceaselessly to the cause of his country ... she supported him with ... resourcefulness.[17]

---

14. Bateman, *Generals of the Anglo-Boer War*, p 77.
15. Meintjes, *De la Rey*, p 26.
16. Strümpfer, "Salutogenesis a new paradigm", pp 270-272.
17. Meintjes, *De la Rey*, p 34.

De la Rey was vir lang tye van die huis af weg, vasgevang in sy eie besigheid, landsake of militêre aangeleenthede. Dan het sy vrou die leisels by die huis gehou, na die boerdery omgesien en hulle kinders grootgemaak. Die wedersyds ondersteunende aard van hulle verhouding het die De la Reys in staat gestel om die vele stresvolle situasies wat oor hulle pad sou kom, te hanteer.

Dit was juis toe hy gedurende die eerste maande van die oorlog van sy vrou af weg was, dat De la Rey die geweldige persoonlike stres van die nagtelike rit vanaf Modderrivier na die hospitaal op Jacobsdal ervaar het. Hy moes – sy innerlike wrewel en vroeëre uitbarsting teenoor generaal Piet Cronjé oor dié se afwesigheid tydens die slag, ten spyt – sy dodelik gewonde seun Adriaan (Adaan) by die hospitaal probeer kry. Dit was helaas tevergeefs. Met 'n laaste boodskap aan sy moeder op sy lippe, het die dapper negentienjarige jongeling kort na hulle aankoms by die hospitaal in sy vader se arms gesterf. Sy vader het hom onverwyld op Jacobsdal begrawe.[18] Die afsterwe van 'n geliefde, veral as dit jou eie kind is, veroorsaak onteenseglik akute stres.[19] Die verwerking en aanvaarding word des te moeiliker as dit alleen, sonder die morele onderskraging van naasbestaandes en geliefdes deurgemaak moet word. Daardie ervaring moes vir die gewoonlik kalm De la Rey besonder traumaties gewees het. Ten spyte van sy geweldige geestelike lyding, het De la Rey – self ook gewond – nog eers die kwessie ten opsigte van die posisionering van die Boeremagte en die plasing van die loopgrawe teen die wil van Cronjé in, maar met die ondersteuning van president M.T. Steyn, aangepak en opgelos.[20]

Toe Nonnie de la Rey tuis in Lichtenburg die nuus van haar oudste kind se dood ontvang het, het sy haar onverwyld na haar man op die slagveld gehaas. Ná die Slag van Magersfontein het die egpaar na Jacobsdal gegaan om sáám die graf van hulle seun te besoek. Geskiedskrywers spekuleer nie maklik oor sulke gebeure nie, maar uit 'n sielkundige perspektief is dit logies om te aanvaar dat in daardie uur van verdriet, man en vrou mekaar wedersyds getroos en onderskraag het – hulle het mekaar gehelp om hierdie pyn te verwerk en met hulle lewens voort te gaan. Dit dui op die verband tussen sterk sosiale ondersteuning

---

18. Meintjes, *De la Rey*, pp 121-123.
19. C.L. Sheridan and S.A. Radmacher, *Health psychology; Challenging the Biomedical Model* (John Wiley & Sons, New York, 1992), p 149; A. Baum, R.J. Gatchel and D.S. Krantz, *An Introduction to Health Psychology* (McGraw-Hill, New York, 1997), pp 75-76.
20. J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* II (Die Staatsdrukker, Pretoria, 1971), p 100.

(*social support*) en gesondheid soos deur sielkundiges Sheridan en Radmacher uitgewys.[21]

Toe lord Methuen later vir Nonnie de la Rey uit haar huis op Lichtenburg verdryf het, het sy en haar kinders op 1 Desember 1900 met 'n spaider, asook 'n wa en osse, 'n aantal melkkoeie en 'n groepie bediendes vertrek om die res van die oorlog in die veld te rond te swerf. Meintjes beskryf haar trek: "... like a small mobile farm, for she had cows ... cattle, sheep and even chickens."[22] Sy het gesorg dat sy gereeld naby haar man se kommando's gebly het. Op sy beurt het De la Rey ook altyd geweet waar sy vrou en kinders hulle bevind en het nooit 'n geleentheid laat verbygaan om hulle te besoek en om hom van hulle welstand te vergewis nie. Hy het gereeld gebuite kosvoorrade aan haar gestuur. Sy was blykbaar altyd gereed, soms op kort kennisgewing, om kos vir De la Rey en sy staf voor te berei.[23] Dit is nog 'n voorbeeld van die wedersydse ondersteuning wat die egpaar deur die oorlogsjare gedra het.

Nietemin was die ontberings van Nonnie de la Rey en haar boerderytjie legio – soos wat die geval met die meeste ander vrouens in die veld was. Die bedreiging deur die vyand was ook altyd 'n werklikheid. Hierdie bekommernis oor sy geliefdes moes vir Koos De la Rey self 'n voortdurende en knaende stressor gewees het. Daar was immers ander generaals wie se vroue beskerming van een of ander aard van die vyand geniet het. Die munt het dus twee kante gehad en hy moes hierdie bekommernis saam met al die ander verantwoordelikhede van die assistent kommandant-generaal van die Wes-Transvaal, noodgedwonge met hom saamdra.

Oor De la Rey se godsdienstige beskouing word daar nie veel in die verskillende bronne gevind nie. Die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* merk wel op: "… sy Godsvertroue was die krag wat sy doelgerigte optrede onderskraag het …"[24] Van die sterk godsdienstige ywer van 'n generaal C.F. Beyers was daar egter nie by hom sprake nie. Meintjes maak tewens ook die stelling: "For such a deeply religious man, De la Rey was no prude. He was a soldier and could be as earthy as the next man, using strong language when the occasion warrented it."[25] Hy

---

21. Sheridan and Radmacher, *Health psychology*, pp 158-159.
22. Meintjes, *De la Rey*, p 194. Sien ook Z. Rowan, "Nonnie de la Rey 1856-1923." MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2003, p 90.
23. Meintjes, *De la Rey*, p 198. Sien ook Rowan, "Nonnie de la Rey 1856-1923", pp 90-94.
24. De Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, p 227.
25. Meintjes, *De la Rey*, p 30.

het hom wel aan die voorbodes en gesigte van Nicolaas "Siener" van Rensburg gesteur. De la Rey het klaarblyklik geglo dat die "Siener" met 'n bepaalde doel in sy lewe verskyn het nie en dus het Van Rensburg 'n beduidende rol in sy daaglikse doen en late gespeel. Die verduideliking van drome van 'n psigiese- of spiritualistiese aard val nie binne die bestek van hierdie artikel nie, maar dit blyk wel asof die vertolkings van Van Rensburg se "gesigte" vir De la Rey 'n bron van onderskraging was.

## De la Rey – die kryger en strateeg

Ten spyte van sy herhaalde blootstelling aan oorlog – saam met Louw Wepener in 1865 teen die Basotho's; as veldkornet van Makwassie se burgers teen Sekhukhune in 1876; as kommandant van die Lichtenburg kommando tydens die beleg by Potchefstroom gedurende die Eerste Anglo-Boereoorlog van 1880-1881 en in 1896 tydens die Jameson-inval[26] – was Koos de la Rey inherent nie 'n krygsman nie. Die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* beskryf hom as kalm, besadig, gematig, billik, regverdig en beslis. Hy word voorts bestempel as 'n vurige patriot vir wie die volkswil die oorwegende norm was.[27] Pretorius verklaar dat hoewel oorlogvoering De la Rey nie werklik aangestaan het nie, hy Wepener se bestorming van Thaba Bosigo dikwels in sy gedagtes nagegaan en dit as 'n denkoefening gebruik het, net om tot die slotsom te kom dat oorlog as laaste uitweg met krygslis en krygsvernuf aangepak moet word. Moontlik het dit aanleiding gegee tot Meintjes se aanhaling van 'n (ongeïdentifiseerde) Britse historikus ten opsigte van De la Rey se strategie by Magersfontein: "The conception of his field work was one of the boldest and most original conceptions in the history of war."[28] Alhoewel De la Rey in 'n era ná Stonewall Jackson (1824-1863) geleef het, en hy, in teenstelling met sy luitenant, Jan Smuts, waarskynlik nooit van Jackson se suksesse in die Shenandoah-vallei gelees het nie, is daar nietemin merkbare ooreenkomste in hulle benadering tot oorlogvoering. [29]

Dit is miskien van pas om hier iets meer oor Jackson en die onderwerp van strategie te sê. Kolonel G.F.R. Henderson van die Britse Leër het 'n breedvoerige ontleding van die legendariese generaal van die Amerikaanse Gekonfedereerde State, Thomas "Stonewall" Jackson,

---

26. Pretorius, "Die Leeu van Wes-Transvaal", p 117; De Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, p 223.
27. De Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, pp 223-224.
28. Meintjes, *De la Rey*, p 29.
29. G. Nattrass and S.B. Spies (eds), *Jan Smuts, Memoirs of the Boer War* (Jonathan Ball, Johannesburg, 1994), p 111.

tydens die Amerikaanse Burgeroorlog (1861-1865) gemaak.[30] Die een onderwerp wat Henderson dikwels bespreek, is dié van aanwending van strategie. Hy wys pertinent op die verskil tussen die beginsels van 'n strategiese benadering en die toepassing van taktiek. Vir hom beteken strategie die energie en denke wat 'n leier vóór 'n veldtog of 'n slag aanwend. Gewoonlik geskied hierdie strategiese beplanning buite die gesigsveld van sy vyand en selfs sy eie mense, dikwels afgesonder in sy eie tent en gewoonlik met die hulp van kaarte van die omgewing en berekenings oor tyd en ruimte. Daarteenoor is taktiek die maneuvers wat uitgevoer word in die vyand se teenwoordigheid, dit wil sê net voor of tydens 'n veldslag. Hy beklemtoon dat strategiese beplanning, algemeen gesproke, 'n ongewilde dissipline of kuns is, iets wat deur talle generaals vermy word. Dit verg insig, diep denke en die deeglike oorweging van alle moontlike opsies. Hy noem die name van groot generaals soos Hannibal, Napoleon en Robert E. Lee as voorbeelde van uitstaande strateë wat met kleiner getalle vegters oor taktiese leiers met superieure magte en wapens geseëvier het.[31]

In sy opsomming van die beroemde Shenandoah-veldtog, skryf hy onder meer: "But the manifestation of a military genius is not affected by numbers … it is the manner in which the grand principles of war are applied." Hy haal ook Jackson se stafhoof, generaal-majoor R.N. Dabney, aan wat oor sy bevelvoerder verklaar het: "There was never a commander whose foresight was more complete. Nothing emerged which had not been considered … no possibility overlooked; he was never surprised."[32] Baie van die kenmerke wat Henderson aan Jackson toeskryf, kan eweneens op De la Rey van toepassing gemaak word, maar die feit moet in gedagte gehou word dat De la Rey nie die voordeel van die militêre opleiding wat Jackson by West Point geniet het en by die Militêre Instituut in Lexington verder ontwikkel het, ondervind het nie. De la Rey se vaardigheid as strateeg was tot 'n mate gegrond op sy aangebore intelligensie en deursettingsvermoë, maar dit was grootliks die gevolg van die sterk SOC wat hy met verloop van tyd ontwikkel het.

30. G.F.R. Henderson, *Stonewall Jackson and the American Civil War* (Da Capo Press, New York, 1988). Volgens die inleiding deur Thomas Connely in die Da Capo uitgawe (1988) het Henderson die oorspronklike werk in 1898 voltooi, dit wil sê 'n jaar voordat die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het.
31. Henderson, *Stonewall Jackson*, pp xvii-xix.
32. Henderson, *Stonewall Jackson*, p 315.

Dit moet weer beklemtoon word dat, terwyl hy nie 'n voorstander van oorlogvoering was nie, die nutteloosheid van passiewe oorlogvoering ná die beleg by Potchefstroom in 1880-1881, hom nie ontsnap het nie.[33] Die gevolg hiervan was dat daar byna onmiddelik verskille oor strategie tussen hom en generaal Piet Cronjé – die man vir wie hy as raadgewer moes optree – was. Hierdie tweespalt het begin toe Mafeking op 14 Oktober 1899 beleër is en dit het voortgeduur totdat De la Rey, nà die Slag van Magersfontein op 11 Desember 1899, gedurende die eerste week van Januarie 1900 deur Cronjé na die suidelike front by Colesberg gestuur is. Gedurende hierdie tyd van onenigheid is De la Rey se voorstelle oor strategie telkens deur Cronjé verwerp, net om later as korrek bewys te word. Die episode met die gepantserde trein by Kraaipan, die posisionering van die Boerekommando's, beide tydens die gevegte by Modderrivier en Magersfontein, bewys dat De la Rey se strategie korrek was en sy planne op strategiese denke gedui het, wat daarop gemik was om die vyand op die verkeerde voet te betrap. Jackson het ook gesê: "Always mystify, mislead and surprise the enemy … and when you strike and overcome him, never give up the pursuit …"[34] Dit was presies die beleid wat De la Rey voorgestaan en toegepas het, maar dit het veroorsaak dat hy in konflik met sy bevelvoerder geleef het – 'n situasie wat deur sielkundiges as 'n voortgesette persoonlike stressor beskryf word en wat deurgaans hoë eise aan 'n individu se weerstandsbronne sal stel. Die vermoë om daarmee saam te leef, beteken dat De la Rey oor 'n sterk arsenaal GRRs beskik het. Die gevolg hiervan was sy goed ontwikkelde SOC. Ten spyte van die teenstand wat hy van sy bevelvoerder ondervind het, kon hy nog die sin van die groter geheel begryp en kon hy wel 'n mate van beheer daaroor uitoefen (soos die plasing van die loopgrawe by Magersfontein). Bowenal was die stryd om onafhanklikheid vir hom betekenisvol. Deur dit alles heen moet dit nie uit die oog verloor word dat hy juis in daardie periode sy oudste seun aan die dood afgegee het en noodgedwonge ook met die stres wat die verlies meegebring het, moes saamleef nie.

Ná die vyand se inname van Pretoria, toe hy aangesê is om die Boeremagte in die Wes-Transvaal weer strydvaardig te kry, het hy met nuwe stressors te doene gekry. Saam met Smuts is hy aangewys om as't ware as 'n selfstandige regering in die weste op te tree.[35] Hy is die taak opgelê om die Boere wat onder die waan verkeer het dat die oorlog verlore is, hulle wapens neergelê het en huistoe gegaan het, weer op te kommandeer en van voor af 'n gevegsmag in die weste tot stand te bring.

---

33. Pretorius, "Die Leeu van Wes-Transvaal", p 177.
34. Henderson, *Stonewall Jackson*, p 318.
35. Nattrass and Spies (eds), *Jan Smuts,* p 77.

Sy taak was gedug. Hy moes burgers mobiliseer, maar hy het nie wapens, kos, klere, perde of ander toerusting van die regering ontvang om hulle toe te rus nie. Dit moes veral die gebrek aan wapens en ammunisie gewees het wat vir hom tot groot kommer was. Hy moes sy aanvanklike strategie daarop toespits om die vyand as voorsiener van sy oorlogsbenodighede te gebruik en daarvoor kon hy slegs dié burgers benut wat steeds toegerus was.

Sou ’n mens die eerste paar veldslae waarin De la Rey se magte opgetree het, bestudeer, word dit duidelik dat een van sy belangrikste doelwitte was om sy kommando’s van die nodige te voorsien. Die Slag van Silkaatsnek op 11 Julie 1900 het twee kanonne met ammunisie en “baie gewere” opgelewer. Op dieselfde dag het nog twee suksesvolle gevegte in die omgewing plaasgevind. Een was by Dwarsvlei naby Hekpoort, waar generaal Sarel Oosthuizen dodelik verwond is in ’n botsing wat Smuts beskryf het as “ … one of the most heroic minor actions of the war”.[36] Die ander botsing het by Onderstepoort, noord van Pretoria, plaasgevind. Elria Wessels meld dat hierdie drie suksesse deur De la Rey se beperkte mag nog voor die einde van Julie 1900 meegebring het dat “… president Kruger [hom] verplig voel om nog 1 000 broodnodige gewere aan De la Rey te stuur vir die bewapening … van sy kommando’s”.[37] Of 1 000 gewere voldoende was om die stres waarmee De la Rey saamgeleef het, enigsins te verlig, is ’n ope vraag. Albert Grundlingh noem immers dat ná kolonel R.S.S. Baden-Powell se besetting van Rustenburg op 14 Junie 1900, 1 000 Boeregewere onmiddelik ingelewer is.[38] Nogtans het Smuts beweer dat daar tydens die toer wat hy en De la Rey aan die begin van Augustus 1900 na Zeerust en Lichtenburg onderneem het, ’n ernstige behoefte aan die terugkeer na orde gevind is. Uit sy memoirs blyk dit dat hierdie toer buitengewoon suksesvol was:

> Such an awakening among the people, such a rush to arms, we had never anticipated … Suddenly the commandos reappeared from the east [Middelburg] … and in a few weeks the entire West was once more clear of the enemy … The weak knees and the weak hearts received a new access of strength and ardour and were flocking to the commandos …[39]

---

36. Nattrass and Spies (eds), *Jan Smuts,* p 90.
37. E. Wessels, *Veldslae; Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Lapa Uitgewers, Pretoria, 2002), p 142.
38. A.M. Grundlingh, *Die “Hendsoppers” en “Joiners”: Die Rasionaal van Verraad* (Protea Boekhuis, Pretoria, 1999), p 37.
39. Nattrass and Spies (eds), *Jan Smuts,* p 104.

Hierdie hernude entoesiasme moes vir De la Rey bemoedigend gewees het, maar dit het nog nie sy probleem om die terugkerende burgers onder die wapen te kry, opgelos nie. Hy het boonop ’n tekort aan ryperde ondervind, die vyand het die plase, diere en oesgewasse – veral in die Moot – verniel en die ontwortelde vroue en kinders het met uiterste ontberings,[40] noordwaarts oor die Magaliesberge gevlug in ’n poging om nie deur die Britte na die konsentrasiekampe weggestuur te word nie.[41]

De la Rey se stressors as die hoof van die “westelike regering” was dus volop, maar hy was ’n leier met ’n breë basis van weerstandsbronne om op te steun. Sy kennis van die mense van die streek en van die omgewing is reeds genoem. Die Wes-Transvaal is nie geografies homogeen nie. ’n Denkbeeldige lyn tussen Pretoria en Mafikeng verdeel die gebied in ’n hoëveldse grasvlakte met relatiewe lae reënval suid van die “lyn” en ’n bosryke laeveld aan die noorde daarvan. Die oorgang tussen die twee streke is ’n gebied gekenmerk deur bosryke klowe met volop water, waar skuiling vir mense en vee gevind kon word.[42] Aan die oostelike deel van die streek – wes van Pretoria tot naby Rustenburg – is ’n lang vallei wat tussen die Magaliesberg en die Witwatersberg strek en as die Moot (of Grootmoot) bekend staan. Dit is ’n vrugbare landboustreek, waar kleingraan- en tabakverbouing reeds in die 1890’s toegepas is. Dit was hierdie gebied wat die Britte in die winter van 1900 verwoes het en waaruit die vroue met hulle kinders gevlug het.

Die Boere onder De la Rey het hierdie westelike streek goed geken en die verskille in klimaat, plantegroei en selfs die gevaar van veesiektes deeglik benut of vermy. Volgens Smuts het sy mentor, De la Rey, ’n strategie van geduld gebruik. Hy het deur klein konfrontasies altyd kontak met sy vyand behou – wat ’n goeie guerrillastrategie is – en gedurig op die uitkyk gebly vir daardie keer wanneer hulle ’n fout sou maak. Dan moes sy kommando’s gereed wees om ’n beslissende hou te slaan.[43] In hierdie proses het hy vir Smuts die waarde van “vlucht volmoed” geleer:

> The many retreats and apparently useless fighting and loss which intervened between victories did not dishearten his officers or men, for

40. M. Weber, *Eighteen months under General De la Rey* (Bienedell, Pretoria, 1999), pp 83-88.
41. J.P. Brits (ed), *Diary of a National Scout P.J. du Toit 1900–1902* (HSRC, Pretoria, 1974), p 65. Sien ook Weber, *Eighteen months under General De la Rey*, p 90.
42. Sien beskrywing van Bokkraal in A.G. Oberholster (red.), *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers 1899-1902* (RGN, Pretoria, 1978), p 234.
43. Nattrass and Spies (eds), *Jan Smuts,* p 115.

> they all knew the purpose, and had implicit faith in his unerring judgement as to when the right moment had come to strike the decisive blow.[44]

So ’n geleentheid het hom voorgedoen toe daar op 2 Desember 1900 berig ontvang is dat ’n groot Britse konvooi met “Kersmis commissioraat” oor Kommandonek onderweg na Rustenburg aan die trek was. De la Rey, kommandant P.D. Potgieter, sy Krugerdorp kommando, sowel as kommandant J.N. Boshoff met 80 burgers en luitenant W.E. Thuynsma in bevel van die artilleriste, was op daardie stadium suid van die Magaliesberge. Weens die gevaar dat swart spioene hulle bewegings aan die vyand sou rapporteer, het hy en sy offisiere tot donker gewag alvorens hulle met ’n voetpad by Nooitgedacht die berg oorgesteek het. In sy herinneringe skryf De la Rey:

> Ik het dien nacht zeer zwaar doorgebracht. Daar de berg zoo hoog is moest het maar altyd te voet gaan en de paarden geleid worden. Was het niet dat mijn oude rypaard Bokkie er zoo gewoond aan was en zoo geschick dat ik hem soms aan zijn staart grijpen kon en hij mij op die wijze tegen de berg doen uit helpen dan had ik de krachten niet om de berg op en af te gaan.[45]

Soos wat sy gebruik was, het hy sy mag verdeel. Hy het generaal Smuts met Thuynsma en die grofgeskud, en Boshoff met 150 burgers vóór die konvooi laat stelling inneem, terwyl hyself met sy burgers van die kant af sou instorm. Alhoewel sake nie presies soos beplan uitgewerk het nie, het die Boere 120 waens, tesame met hulle trekspanne, gebuit. De la Rey het nie oor die mannekrag beskik om al die krygsgevangenes te bewaak nie en derhalwe “gaf ik hen eenige van de wagens met drank beladen waarvan zij goed gebruikt maken. … Tommy kon kiezen te gaan whiskey drinken of te vechten en het duurte niet lang of er was een aantal omtrent 90 Tommies by de wagens hunne wapen neergelegd hadden.”[46] De la Rey het hierdie situasie kennelik geniet. Smuts onthou egter dat een van sy boodskappers ook van die drank in die hande gekry het en dat die versterkings wat hy moes gaan haal, nooit opgedaag het nie.[47] Die Slag van Buffelspoort het uiteindelik vyftien waens met uitgesoekte goedere – veral klere en stewels – aan die Boere voorsien, terwyl die ander waens verbrand is.[48]

---

44. Nattrass and Spies (eds), *Jan Smuts,* p 115.
45. Nasionale Argief van Suid-Afrika, Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), Pretoria: A 313, Generaal J.H. de la Rey-versameling: IX, p 64-66.
46. TAB, De la Rey-versameling: IX, p 66.
47. Nattrass and Spies (eds), *Jan Smuts,* p 144.
48. TAB, De la Rey-versameling: IX, p 66; Nattrass and Spies (eds), *Jan Smuts,* p 146.

Humor word algemeen as ’n GRR aanvaar en hier toon De la Rey dat hy die situasie geniet het.[49] Meintjes verwys ook na die humoristiese kant van De la Rey se persoonlikheid in sy beskrywing van ’n “wapenprotes” tussen groepe Boere: “De la Rey was very much a human being, and humour is as efficacious as anything to rip aside the veils of legend and to bring closer the man …”[50]

Etlike dae later het De la Rey, met die hulp van generaal Christiaan Beyers se kommando’s, die Britte die gevoelige neerlaag by Nooitgedacht toegedien. Die strategie was nie daarop gemik om ’n veldslag wat oor grondgebied gaan, te lewer nie, maar volgens Smuts om die vyand uit hulle kamp by Nooitgedacht te verdryf en sodoende oorlogsvoorraad te bekom.[51] Beyers se mag van 1 500 man wat van die noorde in aantog was, sou die forte op die kruin van die Magaliesberg uitskakel. Die geskiedenis van die Slag van Nooitgedacht en die daaropvolgende onbeheerste buitery is welbekend. De la Rey se deeglike strategiese beplanning – soos die aanwending van burgers vanuit ’n onverwagte oord – wat die slag voorafgegaan het, word egter gewoonlik oor die hoof gesien. Dit dui nogmaals op sy krygsvernuf en sy begrip van die omstandighede, sy gevoel dat hy beheer oor die situasie gehad het en dat die inname van ’n goed toegeruste kamp vir hom, in ’n stadium toe oorlogstoerusting ’n prioriteit was, betekenisvol was. Weer kom die drie die elemente van ’n SOC sterk na vore.

Baie geskiedskrywers het die geweldige invloed wat hierdie slag op die moraal van die burgers gehad het, beskryf, maar dit is Thomas Pakenham wat daarop wys dat De la Rey ná die slag, te midde van die pandemonium wat geheers het, eenkant op ’n stoeltjie gesit het en hom skynbaar stilletjies verkneukel het aan die tonele wat hulle om hom afgespeel het.[52] Volgens Ludwig Krause het hy die volle reg gehad om tevrede te voel, want ten spyte van die chaos het die Boere 600 muile, 600 perde, saals en tooms, 1500 rondes Pom-Pom ammunisie, 200 rondes vir 15-ponder Armstong kanonne en 500 Lee Metford gewere met 100 000 patrone gebuit voordat die kamp afgebrand is.[53] Dit was oorlogsvoorraad wat die westelike kommando’s bitter nodig gehad het om hulle stryd aggressief voort te sit.

---

49. Sheridan and Radmacher, *Health psychology*, p 161.
50. Meintjes, *De la Rey*, p 24.
51. Nattrass and Spies (eds), *Jan Smuts,* p 147.
52. T. Pakenham, *The Boer War* (Abacus, London, 1997), p 481.
53. J.Taitz (ed), *The War Memories of Commandant Ludwig Krause 1899-1900* (Van Riebeeck Society, Cape Town, 1996), p 127.

In die eerste weke van die nuwe jaar (1901) het die Boere onder De la Rey se bevel 'n reeks botsings met die Britte gehad. Smuts het in die laaste dae van Januarie en eerste dae van Februarie 1901, sy spore terdeë by Modderfontein (Gatsrand) verdien. De la Rey se fyn beplanning om Lichtenburg vroeg in Maart 1901 in te neem, het helaas weens Liebenberg se verontagsaming van die ooreengekome strategie, gefaal.[54] Selfs onder sy bevelvoerders sou dissipline steeds vir De la Rey 'n stressor bly. Verskeie veldslae het daarna plaasgevind en Pretorius meld dat talle Britse bevelvoerders – waaronder lord Methuen, generaal J.M. Babington, generaal R.A.P. Clements en luitenant-kolonel R.G. Kekewich – probeer het om De la Rey vas te trek. Dit was egter tevergeefs. Juis in daardie tyd het De la Rey met die skrikaanjaende stormjaagtaktiek begin om die vyand groter verliese toe te dien.[55] Dit is 'n ooglopende bewys van sy geloof in aktiewe, eerder as passiewe oorlogvoering en verder 'n duidelike aanduiding dat hy, deur sy stressors veral ten opsigte van wapens en perde te oorkom, 'n waagmoed ontwikkel het in ooreenstemming met Strümpfer se teorie van *fortigenesis*.[56] Sy inherente selfvertroue en innerlike sterkte het deur die bemeestering van moeilike omstandighede steeds duideliker na vore gekom. Dit bevestig weer Strümpfer se stelling dat 'n SOC met verloop van tyd ontwikkel.[57]

Die drie betekenisvolle oorwinnings wat die Boere onder sy leierskap in Februarie en Maart 1902 behaal het – 'n stadium toe die skrif vir die republikeine al duidelik aan die muur was – naamlik by Ysterspruit, Tweebosch en Boschbult, onderstreep onteenseglik sy vermoë as strateeg en sy geestelike krag op die slagveld. Sy besluit om die gewonde lord Methuen, met wie hy sedert die Slag van Graspan op 25 November 1899 in 'n tweestryd gewikkel was, nà die Slag van Tweebosch op 7 Maart 1902 vry te laat en boonop te help om by sy eie mense uit te kom ten einde mediese hulp te kry, kan alleen maar as ridderlik beskryf word.

---

54. Van den Bergh, *24 Battles*, pp 112-115, 116-118.
55. Pretorius, "Die Leeu van Wes-Transvaal", p 129.
56. Strümpfer, "The origins of health and strength: from 'salutogenesis' to 'fortigenesis'", pp 81-87.
57. Strümpfer, "Salutogenesis a new paradigm", p 268.

**De la Rey –'n leier met insig**

Stonewall Jackson het nie geveg vir die behoud van slawerny nie en hy was gekant teen die afskeiding van die Suidelike State. Hy sou die verskille eerder met onderhandelinge opgelos wou sien, maar toe sake op die spits gedryf is, het hy geskryf: "If I know myself, all I am and all I have is at the service of my country [Virginia]."[58]

Eweneens het Koos De la Rey hom ook nie met politiekery en grootpratery opgehou nie. Hy was gekant teen die holle oproepe van die Kruger-ondersteuners, naamlik dat God die Transvalers sou help om die Engelse die see in te jaag; dat Engelse soldate nie teen die Boere opgewasse was nie en dat Afrika bedoel is vir die Afrikaners.[59] Volgens Pretorius was De la Rey "… nie ten gunste van 'n stryd teen Brittanje nie en het 'n aggressiewe oorlog veroordeel as onwys en onnodig."[60] Meintjes neem dit 'n stappie verder as hy in sy biografie oor De la Rey die bewering maak dat laasgenoemde in die Volksraad waar die ZAR se standpunt ten opsigte van die dreigende oorlog bespreek is, sterk standpunt teen die grootpratery ingeneem het:

> De la Rey paused … Then in one of those flashes of rage that occasionally came to him, De la Rey looked up at the scowling face of Paul Kruger and said: 'I shall do my duty as the Raad decides,' and then added with cold contempt: 'And you …' He looked the President straight in the eyes. 'You will see me in the field fighting for independence long after you and your party who make war with your mouths have fled the country!'[61]

Alhoewel hierdie sterk stelling eintlik berus op die mondelinge oordra van herinneringe van gebeure uit 'n tydperk wat vol drama en trauma was en dus moontlik geromantiseer is, word dit geloofwaardig omdat De la Rey juis die tipe persoon was wat só sou opgetree het, soos die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* bevestig.[62]

---

58. Henderson, *Stonewall Jackson*, p 73.
59. Meintjes, *De la Rey*, pp 77-79.
60. Pretorius, "Die Leeu van Wes-Transvaal", p 117.
61. Meintjes, *De la Rey*, p 81. Sir Percy Fitz-Patrick word as die bron genoem van wat op daardie sitting van die Volksraad gebeur het, asook dat hy die gebeure met verskeie persone wat teenwoordig was, bevestig het.
62. De Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, p 224. Sien ook J.D. Kestell en D.E. van Velden, *Die Vredesonderhandelinge* (Human en Rousseau, Kaapstad, 1982), pp 82-83.

Hierdie standpunt van De la Rey het hom tydens die oorlog geensins leedvermakerig gemaak nie. Saam met president M.T. Steyn en generaal C.R. de Wet het hy enduit probeer om deur onderhandeling die onafhanklikheid van die Boererepublieke te behou. Hy het hom by hierdie Vrystaters geskaar in hulle teenstand teen die swerwende regering van die ZAR, wat nà 'n krygsraad op 10 Mei 1901 by De Emigratie eintlik bereid was om die handdoek in te gooi. Hulle was van plan om vir 'n wapenstilstand te vra, sodat die twee republieke finaal kon beslis wat hulle te doen staan.[63] Dit het nie so gebeur nie, maar 'n jaar later het De la Rey saam met sy mede-Transvalers en die Vrystaatse leiers, dae lank met lord Kitchener en lord Milner (en danksy "moderne" telegraafverbindings, eintlik ook die Britse-leiers in Londen[64]) onderhandel om die beste skikking vir die republieke te beding. Daar was alom verwag dat De la Rey hom by De Wet en die al siekerwordende Steyn sou skaar om die oorlog teen wil en dank voort te sit. Weer het sy heldere denke egter geseëvier. Kobasa verklaar in haar persoonlikheids-konstruk ten opsigte van gehardheid dat die derde komponent van hierdie teorie bestaan uit die uitdaging om te aanvaar dat verandering 'n norm van die lewe is.[65] De la Rey het aandagtig na die verslae van die volksverteenwoordigers wat op Vereeniging saamgetrek was, geluister. Generaal Botha se betoog het onder meer die volgende woorde bevat: "Daar is gesê dat ons moet veg tot 'die bittere einde', maar niemand sê waar dié bittere einde is nie. Is dit waar iedereen in sy graf lê of verban is?"[66] De la Rey, wat ná hom op die been gekom het, het die rondpratery netjies saamgevat met die woorde: "Daar is manne en vroue wat niks meer aan het nie as die skone vel op die naakte liggaam. Is dit nie die bittere einde nie?"[67] Hý kon die uitdaging van verandering aanvaar.

Nadat die Vredesverdrag op die aand van 31 Mei 1902 in Melrosehuis, Pretoria, onderteken is, was De la Rey se aandeel as leidsman van sy volk nog nie afgehandel nie. 'n Swaar verantwoordelikheid teenoor sy volksgenote het hom gedurende die tweede helfte van 1902 saam met generaals Botha en De Wet na Engeland en Europa laat reis, ter wille van die finansiële nood waarin die verslane Boere en hulle families verkeer het. Terwyl die De la Reys se

63. N.J. van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing* II (Nasionale Pers, Kaapstad, 1921), p 69.
64. TAB: A. 2044, *Journal of the principal events connected with South Africa*, XVII, *passim.*
65. Strümpfer, "Salutogenesis a new paradigm", p 271.
66. Kestell en Van Velden, *Die Vredesonderhandelinge*, p 79.
67. Kestell en Van Velden, *Die Vredesonderhandelinge*, p 83.

kinders by hulle suster Sannie gebly het, het Nonnie de la Rey haar man vir ses maande op hierdie moeilike tog na die vreemde vergesel.[68] Hierdie samesyn en die wedersydse onderskraging, na al die maande se swaarkry en onsekerheid, moes sekerlik vir die egpaar van groot betekenis gewees het.

In 1903 moes hy nogeens die moeilike taak onderneem om na Indië te reis om ’n aantal Boerekrygsgevangenes te oortuig om die eed van getrouheid af te lê en huistoe te kom.[69] Die reis na ’n wildvreemde land om hardkoppige kamerade te oortuig dat daar vir hulle ’n taak van heropbou in hulle vaderland wag, het ongetwyfeld weer diep geput uit sy bron van GRRs. Soos reeds genoem, het hy oor ’n goeie kennis van sy mense beskik en kon hy ook hierdie taak deurvoer. Later in dieselfde jaar het hy self vir Emily Hobhouse in Lichtenburg se kontrei rondgeneem om aan haar die werklikhede van verwoesting en die probleme met heropbou te wys. Sy beskryf hoe sy eie mense, waarvan baie dapper geveg het, nou na sy dorpshuisie gestroom het om hulle laste op sy skouers te lê: “Here all day long the General sits and men and women file in at the open door with their tales of desperation and distress.”[70] Sy eie eiendom was verwoes en sy vrou en kinders het maande in die veld rondgetrek, maar hy was sy mense se “generaal”, hulle steunpilaar in die tyd toe hulle ook geestelike onderskraging nodig gehad het.

Later sou Koos de la Rey weer deel van van sy land se politieke bestel word. Hy het sy bydrae gemaak met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910. Die voorsienigheid het dit egter so beskik dat dit nie weer vir hom nodig geword het om die wapen op te neem nie. Hy is op 15 September 1914 noodlottig deur ’n polisiekoeël getref, nadat die motor waarin hy en sy ou kameraad, generaal C.F. Beyers, gereis het, nie by ’n padblokkade stilgehou het nie.

## Slotsom

In die inleidende gedeelte van hierdie studie is dit gestel dat die uitgebreidheid of dan die verskeidenheid van GRRs waaroor ’n individu beskik, nie alleen sy of haar vermoë om te *cope* versterk nie, maar ook – volgens Strümpfer – aanleiding gee tot *salutogenesis* en *fortigenesis*. Uit die daaropvolgende drie afdelings waar De la Rey se optrede van nader

68. Meintjes, *De la Rey*, p 271.
69. De Kock, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, p 226.
70. R. van Reenen (ed), *Emily Hobhouse; Boer War Letters* (Human & Rousseau, Cape Town, 1984), p 288.

beskou is, word dit duidelik dat hy ’n persoon was wat inderdaad ’n wye verskeidenheid van GRRs tot sy beskikking gehad het. Twee van hierdie weerstandsbronne of hulpbronne staan egter uit. Eerstens het De la Rey se sterk sin van samehang van gebeure of sy sin vir begrip vir die omstandighede om hom – sy SOC – ’n beduidende rol gespeel. Die drie kenmerke wat vir ’n sterk SOC gestel word, naamlik om ’n begrip vir ’n situasie te hê, ’n gevoel van beheer te ervaar en om die betekenis daarvan te begryp, is telkens by hom gevind. Tweedens moet die ekstern-psigiese hulpbron van ondersteuning wat hy deurgaans van sy eggenote, Nonnie, gekry het, genoem word. Die mate waarin haar nabyheid en onderskraging tot sy weerstand teen stres bygedra het, is wel nie meetbaar nie, maar die studie wys duidelik dat dit ’n betekenisvolle faktor was.

Die afleiding kan dus nou gemaak word dat Koos de la Rey se sukses as strateeg en as leier tydens die hele verloop van Anglo-Boereoorlog – vanaf vóór die gebeure by Kraaipan op 12 Oktober 1899, tot selfs lank ná sy deurslaggewende toespraak op die aand van 16 Mei 1902 tydens vredesonderhandelinge – grootliks op hierdie twee steunpilare (of GRRs) gerus het. Boonop word die voordele van wat so ’n multidissiplinêre benadering vir beter begrip van die geskiedenis inhou, opnuut deur hierdie studie onderstreep.

## Opsomming

Waar werke van biografiese aard oor generaal J.H. de la Rey hoofsaaklik op sy militêre optrede en suksesse tydens die Anglo-Boereoorlog konsentreer, word daar hier na die sielkundige dryfkragte agter sy handelings gekyk. ’n Oorsig oor die sielkundige teorieë van stres en stressors, algemene weerstandsbronne (GRRs), die bemeestering van stres, die begrippe *salutogenesis* en *fortigenesis*, asook die kernbegrip van “sin van samehang” (SOC), word ter aanvang gegee. Daarna word De la Rey se funksionering tydens die oorlog uit drie hoeke bekyk: eerstens as man en gesinsmens, waar die ondersteunende rol van sy vrou, Nonnie, duidelik as GRR van eksterne-psigiese aard na vore kom. Vervolgens word sy vaardigheid as kryger en strateeg bespreek. Die breë basis van die wye verskeidenheid van GRRs waaroor De la Rey beskik het, lei daartoe dat hy as ’n individu met ’n strek SOC bestempel kan word, wat *coping* bevorder het. Laastens word daar na De la Rey as ’n leier met insig gekyk. Die slotsom waartoe die studie lei, dui daarop dat sy sterk sin van samehang en die onderskraging van sy vrou die twee belangrikste steunpilare was waarop sy sukses berus het.

**Abstract**

**A Psycho-Biographical Study of
General J.H. de la Rey and his Experience of the Anglo-Boer War**

Whereas writings of a biographical nature about General J.H. de la Rey normally deal with his military actions and achievements during the Anglo-Boer War, this study examines the psychological factors behind his successes. The psychological theories of stress and stressors, general resistance resources (GRRs), coping with stress, the concepts of *salutogenesis* and *fortigenesis*, as well as of the fundamental conception "sense of coherence" (SOC) are outlined. Thereafter De la Rey's accomplishments during the Anglo-Boer War are considered from three angles. First of all as an individual and family man, where the external psychological support that he received from his wife, Nonnie, clearly stands out. Next his ability as a soldier and strategist is discussed. The broad base created by the variety of GRRs on which De la Rey could rely, made it possible for him to be a man with a strong SOC. Finally the depth and insight of his leadership is examined. The study leads to the conclusion that his strong sense of coherence and the support from his wife were the two mainstays of his accomplishment as a great general.

**Sleutelwoorde**

Stres, algemene weerstandsbronne (GRRs), stresbemeestering, sin van samehang (SOC), fortigenesis, salutogenesis, taktiek, strategie, stormjaagtaktiek, Anglo-Boereoorlog, generaal J.H. de la Rey, Nonnie de la Rey.

**Key words**

Stress, general resistance resources (GRRs), coping, sense of coherence (SOC), fortigenesis, salutogenesis, tactics, strategy, charging, Anglo-Boer War, general J.H. de la Rey, Nonnie de la Rey.